

'N LEWE VAN SEËN

Deel 1 – Vertroue op God

AFSKOP

Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?

VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

Watter dinge in die lewe maak jou gelukkig? Hoekom het dit daardie uitwerking in jou lewe?

Hoekom dink jy is ons soms bewus van God se seën in ons lewens en op ander kere ervaar ons dit nie? Dink jy daar is vereistes om deur God geseën te word? Verduidelik jou antwoord.

Hoe sal jy nederigheid definieer? Hoe dink jy kan 'n mens dit in iemand identifiseer? Wat is die verskil tussen om selfversekerd en vol van jouself te wees?

Dink jy daar is 'n verskil tussen vertroue en geloof in God? Verduidelik.

Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:

Lees Matteus 5:3 in verskeie vertalings. Wat staan vir jou uit? Wat is vir jou duidelik?

Psalm 37:3-7. Wat dink jy beteken dit om jou lewe oor te laat aan die Here? Hoe kan jy bepaal of jy God werklik vertrou?

Psalm 62:6-9 en Jesaja 12:2. Wat is die effek van vertrou op God in hierdie verse? Hoe kan jou vertrou in God groei?

Spreuke 3:5-8. Hoe dink jy lyk dit prakties om God te “ken in alles” en om “nie op jou eie insigte staat te maak nie”? Hoe sal jy dit kan identifiseer as iemand dit doen?

Psalm 38:16; 62:6; 84:13; 115:11; 125:1; en Spreuke 16:20. Wat is die gevolg van vertrou op God volgens hierdie verse?

Jesaja 26:7-8. Vind jy dit moeilik om God te vertrou wanneer dinge moeiliker gaan? Hoe dink jy kan ons groei in hierdie tipe vertrou?

In die preek is 5 maniere genoem hoe ons ons afhanklikheid aan God kan beoefen en moes ons evalueer in watter van hierdie areas ons kan groei: 1) *Wysheid*; 2) *Krag*; 3) *Tydsberekening*; 4) *Verdediging*; en 5) *Rykdom*. In watter van hierdie areas dink jy doen jy beter en watter areas kan jy groei in jou vertrouwe? Hoe kan jy dit meer beoefen?

Lees Psalm 118:14. In die preek is ons aangemoedig om hierdie vers te memoriseer en vir onself regdeur die dag op te sê. Kyk of jy hierdie vers kan onthou. Lys areas in jou lewe waar jy God se krag nodig het. Bid saam as 'n groep oor hierdie dinge.

GEBED EN OMGEE

Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daarvoor kan bid:

NEEM 'N VOLGENDE STAP

Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.

As jy teruggedink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waarvoor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.